Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

27 Oktober 2021
OB 34

Beste Ouers

Die skool sien daarna uit om eerskomende Saterdag *The Hills* by Doringlaagte Vakansieoord aan te bied.

Al die wins van die dag gaan vir die skool. Die skool moet van fondsinsamelings gebruik maak, om sodoende noodsaaklike uitgawes te kan dek. Ondersteun ons asseblief; al die fondse wat deur die jaar ingesamel word, word tot u kind se voordeel aangewend.

Ons nooi weer elkeen van ons gesinne uit om deel te neem aan *The Hills*. U kan nog Vrydagmiddag vanaf 17h00 – 19h30, of Saterdagoggend vanaf 06h00 by Doringlaagte self inskryf. Lootjies, waarmee u groot pryse kan wen, kan ook op die dag gekoop word.

Baie dankie aan al die organiseerders. Daar is baie mense wat ’n groot rol speel om van dié dag ’n sukses te maak. Dankie aan die SBL, vanaf die voorsitter, Pieter Stemmet, Lizanne van Eeden en haar span (fondsinsameling), regdeur tot me. Wigmore (administrasie). Dankie aan Hannes Gous en sy span, wat weer sorg dat die roetes deeglik uitgemerk word. Dankie aan al ons borge. Kyk gerus na ons Facebookblad vir ons groter borge. Doringlaagte stel weer die fasiliteit beskikbaar; daarsonder sal die dag nie so ’n sukses kan wees nie. Baie dankie aan mnr. en me. Kriel. Die ander borge se name sal ook aan u bekendgemaak word tydens die dag. Ons sal al ons borge skriftelik bedank. Ons is groot dank aan hulle verskuldig vir hul ondersteuning.

Ek hoop ek sien u Saterdag by *The Hills*.

Alles van die beste vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
SKOOLHOOF

BELANGRIKE DATUMS

Donderdag, 28 Oktober:	o/13-Krieketwedstryd vanaf 13:20
Saterdag, 30 Oktober:	*The Hills Challenge*
Maandag, 1 November:	Publieke vakansiedag (Stemdag)
Dinsdag, 2 November:	Atletiekoefening begin
Vrydag, 5 November:	IF werksafbakening vir toetsreeks uit na ouers
Saterdag, 6 November:	Atletiekafrigters opleiding vir personeel
Dinsdag, 9 November:	Tennis vs KOO
Donderdag, 11 November:	Laaste sport (met die oog op eindjaar toetsreeks)
	Ouerbegrotingsvergadering
Vrydag, 12 November:	Gr.R-Kuierdag

Personeel-nuus

Die Monties wens juf. Li-Anne Stemmet baie geluk met haar huwelik verlede Saterdag.



S P O R T

Twee o/13-Montie krieketspanne gaan Donderdag, 28 Oktober 'n krieketwedstryd vanaf 13:20 speel.

WOW · Oktober Spelfees

Ses gr. 4-leerders en drie gr. 7-leerders het aan die WOW se Oktober Spelfees deelgeneem. Dit was ‘n aanlyntoets wat nie net uit spelwoorde bestaan het nie, maar ook sommer hulle idiome getoets het. Die finale uitslae behoort teen einde November beskikbaar te wees. Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het.

Die volgende gr. 4-leerders: Tamar Hendricks, Kachen Kiewiets, Luan Koekemoer, Marike-Mari McAlpine, Lynn-Toya October en Carolina Smit, asook gr. 7-leerders: Jacobus Beukes, Janae le Roux en Elzay Strydom het aan WOW se Oktober Spelfees deelgeneem.

HILLS CHALLENGE
MOUNTAIN BIKE & TRAIL RUN

Dankie aan die volgende
HOOFBORGE:

Boland Risk Solutions
•Improvise Adapt Overcome•

PLAAS WEGBREEK
APPELHUIS • DAMHUIS • WITHUIS
BARRYDALE

Sanbona
WILDLIFE RESERVE

SPAR MONTAGU

Doringlaagte

MONTAGU HILLS CHALLENGE

MOUNTAIN BIKE & TRAIL RUN

Mountain Bike

As nuwe uitdaging word roetes anders om gery hierdie jaar!

Route & km	Start Time	Online-Entry	Late Entry	Min. Age
65km Marathon	07:10	R 350	R 370	19
48km Half-Marathon	07:30	R 300	R 320	15
32km Short Half	07:40	R 280	R 300	13
25km Family Ride	07:50	R 220	R 240	11
12km Fun Ride	08:00	R 100	R 120	6

NUWE ROETE– SONDER BOBBEJAANBULT!

Please Note: eBikes allowed, but will start at the back of each start batch, and only 1 battery allowed

Trail Run

Route & km	Start Time	Online-Entry	Late Entry	Min. Age
16km Long Trail	07:00	R 200	R 220	11
8km Short Trail	07:35	R 150	R 170	8

30 OCTOBER 2021

#montiemagic

LAER MONTAGU SKOOL — YWER BRING SUKSES

ENQUIRIES

CONTACT: 082 855 3382

Boland Risk Solutions

•Improvise Adapt Overcome•

SPAR MONTAGU